# HOOFSTUK XIII.

## SLOTBESKOUING.

### 1. Kontoer van die gedekte veld.

(a) Omlyning: 'n Terugblik oor die hele terrein van die navorsing sal ons terugvoer na die taaksbepaling in die "Inleiding en Probleem-omskrywing", waarvolgens die spesiale veld van Duits-onderwys gesien sou word teen die ruimere agtergrond van middelbare onderwys in Suid-Afrika. Met die uitsondering van Afdeling B van hierdie werk waarin die huidige stand van sake in verband met die onderwys van Duits in ons land krities benader is, is daar in al die ander afdelings vanaf die algemene middelbare skoolstelsel na die besondere veld van Duits-onderwys deurgewerk - ook in Afdeling C waarin die buitelandse stelsels uiteengesit is aan die hand van voorafgaande ondersoekinge. Hoewel die probleme wat in verband staan met die onderwys van die vak en ons algemene stelsel van middelbare onderwys altyd as 'n eenheid gesien en behandel is, sal 'n skeiding van die twee genoemde terreine vir 'n saaklike samevatting van die vernaamste bevindinge en implikasies ons op hierdie stadium, egter, 'n duideliker omlyning van die hooftrekke van die werk gee.

(b) Verruiming van die enge grondslae in ons algemene stelsel: Met hierdie veldsverruiming vir 'n navorsing in verband met die onderwys van 'n skoolvak, het ons ook voor die probleem te staan gekom dat die middelbare onderwys nog altyd op die terrein van sekere betwiste vraagstukke soos die volgende beweeg het: die ware betekenis van kultuur en van 'n liberale opvoeding; die aard van die geestelike toerusting vir 'n opgevoede mens; die ewewig tussen die sogenaamde akademiese en nie-akademiese vakke; die versoening tussen die skynbaar-teenstrydige funksies van die middelbare skool om sowel vir die universiteit as vir 'n intelligente burgerskap en die beroepslewe voor te berei; die aard en omvang van die algemene en gespesialiseerde onderwys, en so

meer[1]. Uit die algemene oorsig van die rigting waarin ons middelbare skoolstelsel in Suid-Afrika ontwikkel het[2], het dit reeds by implikasie geblyk dat ons hierdie botsende beskouings probeer ontwyk het deur toevlug te neem tot 'n eng-eensydige akademiese of beroepsopleiding, waardeur ons middelbare onderwys egter sy rykere betekenis-inhoud verloor het deur die verengende grondslag van 'n te vroeë spesialisasie en die meegaande wanpraktyke soos die oorbeklemtoning van geheuewerk ten koste van 'n breë opvoedingsideaal. Teenoor dié oorsese stelsels wat reeds hul middelbare onderwys in die stroom van die gemeenskapslewe en die belangstellingslewe van die kind geplaas het[3], het ons eng-tradisionele Suid-Afrikaanse stelsel nog 'n ongunstige beeld getoon. Uit 'n vraagbrief-ondersoek na die wyse waarop sommige oorsese lande die vraagstuk van leerplanvoorsiening en eksaminering vir die middelbare skool benader het[4], is daar egter sekere lesse geleer wat die noukeurigste oorweging geniet het in verband met 'n voorgestelde reorganisasie-skema vir ons middelbare skoolstelsel in Suid-Afrika[5]. In breë trekke behels hierdie skema veral die volgende:

(i) die verlenging van die middelbare kursus, en 'n planmatige onderverdeling in 'n verpligte Juniorhoërskoolkursus, 'n Seniorhoërskool-kursus as gewone Skooleindideaal, en 'n daaropvolgende eenjarige Gimnasiumkursus ter voorbereiding vir universiteits-toelating;

(ii) die verruiming van die gewone Skooleindkursus op die grondslag van 'n breë algemene opvoeding plus 'n gedeel-

---

1. Sien ook:

   (a) Malan: "Tendencies in Secondary Education", 75.
   (b) Spens Report, 259.

2. Hoofstukke 1 en 11.

3. Sien Hoofstuk V111.

4. Ibid.

5. Hoofstuk X.

telike spesialisasie in 'n beperkter aantal vakke na die voorbeeld van die kontinentale aksentverskuiwingsmetodes in 'n stelsel van hoof- en byvakke;

(iii) die na-Skooleindideaal van 'n eenjarige eng-akademiese spesialisasie in twee hoof- en twee byvakke in die Gimnasium na die gees en metodes van die sogenaamde "Sixth Form Work" in die huidige Engelse stelsel;

(iv) die bevryding van die druk van 'n eksterne eksamen in die Seniorhoërskool deur 'n gewysigde toepassing van sekere metodes in die Nederlandse, Duitse en Amerikaanse stelsels.

Met die ruime Skooleindkursus wat ook 'n voorvereiste vir die Gimnasiumkursus sal wees, word daar 'n middelweg tussen die ou Europese ideaal van middelbare onderwys vir intellektuele status en die Amerikaanse ideaal van 'n geïndustrialiseerde kultuur beoog[1], en na 'n liberale opvoeding gesoek wat die beste vir die sogenaamde "vrye mens" sal pas, dit is die persoon wat nie slegs in 'n eng-eensydige rigting ontwikkel het nie en hom by verskillende soorte beroepe sal kan aanpas[2]. Hierdie lewe-versoenende opvoedingsideaal het ons vandag nog nie in ons opvoedkundige praktyke in Suid-Afrika nie, sodat die moontlike beloftes van die voorgestelde reorganisasie-skema veral in hierdie rigting gesoek moet word.

(c) <u>Verruimende grondslae vir die reorganisasie van ons Duits-onderwys</u>: Ook in die besondere veld van Duits-onderwys in ons middelbare skole is daar 'n gees van akademiese doodsheid en nuttelose praktyke gevind, wat ons onderwys vereng en leweloos gemaak het. Deur -

die toeligting van die historiese agtergrond van Duits-on-

1. Vergelyk Kandel: "Comparative Education", 632, 637.
2. Adams: "Evolution of Educational Theory", 240.

derwys in Suid-Afrika[1],

'n samevatting van die bevindinge in verband met 'n reeks ondersoeke na die doelstelling[2],

'n kritiese ondersoek na die leerplanne en eksamenstelsel vir Duits[3], en

'n statistiese toeligting van die lewensvatbaarheid van die vak teen die agtergrond van ons heersende praktyke[4],

het dit duidelik geblyk dat die aandrang op die psigologies-onjuiste analitiese metodes (grammatika en vertalings), die stelsel van ongedifferensieerde kursusse, en die oorbeklemtoning van die skriftelike taalbeheersing as doelstelling wat die vrye uitbreiding van die passiewe woordeskat en die ontwikkeling van 'n deeglike leeskennis strem, ons tot 'n hoogs onpraktiese ideaal gedryf het wat in 'n groot mate verantwoordelik is vir die sterk afwaartse neiging in die persentasie middelbare skoolleerlinge deur wie hierdie vak van jaar tot jaar bestudeer word. Laasgenoemde bevinding is onder meer bevestig deur die feit dat die Transvaalse leerplanne en eksamenstelsel waarin daar die gesondste rigting gevind is, die grootste houvas op hul leerlinge behou het ten spyte van die opkoms van die kommersiële, tegniese en vaardigheidsvakke in die leerplan.

Dit het ook geblyk dat die verskil in beklemtoning van die verskillende afdelings van die werk in wese geen ingrypende veranderings in die leerplan meegebring het nie, omdat ons leerplan- en eksamenvereistes deur al die skynbare rigtingveranderings in die verlede nog steeds by die aandrang op 'n aktief-skriftelike taalbeheersing gebly het waaraan daar in die doelstelling geen plek toegesê is nie. Om weereens 'n leerplan vir Duits aan die hand te doen op die grondslag van 'n blote verandering van die puntebasis en die gebruiklike geringe inkortings en toevoegings waardeur die beginsels van die verlede egter nog

1. Hoofstuk 111.

2. Hoofstuk 1V.

3. Hoofstukke V en V1.

4. Hoofstuk V11.

steeds gehandhaaf sou bly, sou ewe min 'n oplossing vir die vraagstuk van leerplansamestelling vir die vak bring as al die nuwe leerplanne wat van tyd tot tyd hul verskyning gemaak het. Die enigste poging tot 'n blywende oplossing moes in 'n algehele wegbreking van die verengende grondslae van die verlede gevind word in 'n nuwe stelsel van gedifferensieerde kursusse, waar die verskillende doelstellings in 'n opeenvolgende en progressiewe orde van die aanvangs- tot die meer gevorderde kursusse versprei is[1]. Die ondersoek na die oorsese stelsels het in hierdie verband ook belangrike feite aan die lig gebring wat as 'n grondslag vir 'n reorganisasieprogram vir ons vreemde-taalonderwys in Suid-Afrika gedien het[2]. Na die ondersoek van alle moontlike omstandighede wat op hierdie probleem betrekking het, is daar 'n praktiese skema aan die hand gedoen wat 'n minimum-verpligting derde-taalstudie tot die grootste moontlike groep middelbare leerlinge wil uitbrei in 'n veel ruimer middelbare skoolleerplan as die huidige sesvak-stelsel[3], en by wyse van gedifferensieerde vreemde-taalkursusse wat wissel van die een- tot die vyfperiode-basis vir die Skooleindkursus, en van die byvak- tot die hoofvakbasis vir die daaropvolgende Gimnasiumkursus[4]. Die volledige leerplanne vir Duits bevat baie nuwe gesigspunte en afwykings van die tradisionele leerplanne, wat ons hier as volg sou kon saamvat:

(i) Die skema maak voorsiening vir die beoefening van die afsonderlike taalvermoëns in opeenvolgende kursusse volgens die graad van moeilikheid van elkeen van hierdie aspekte van die taalstudie, dit is: eers die lees en begrip van die taal tot en met die gewone Skooleindideaal; daarna die spreekvermoë in die mees gespesialiseerde Skooleindkursus (vyfperiode-hoofvak); en in die laaste plek die skryf van die taal in die Gimnasiumkursus.

(ii) Die kursusse is gedifferensieerd en beoog die beklemtoning van verskillende opvoedkundige waardes vir verskillende groepe leerlinge volgens die doel wat daar

1. Hoofstukke Xl en Xll.

2. Hoofstuk lX.

3. Sien Hoofstukke X (Tabel Xlll) en Xl.

4. Sien Hoofstuk Xll.

vir elkeen van hierdie groepe met die studie van Duits beoog word.

(iii) Met die verskuiwing van die aksent vanaf die onnatuurlike skriftelike na die meer natuurlike mondelinge en leesmetodes, word die voorbeeld van die jongste rigtingontwikkelings in die buiteland gevolg.

(iv) Deur die bogenoemde veranderings van rigting word daar ook volle erkenning verleen aan die resultate van 'n groot hoeveelheid eksperimentele werk in die buiteland.

Die moontlike beloftes wat hierdie gedifferensieerde kursusse inhou, moet veral gevind word in die terugvoering van die onderwys van die taal na die algemene stroom van die belangstellingslewe en geestelike ervaringslewe van die verskillende groepe leerlinge vir wie dit as 'n middel ter verruiming van hul algemeen-kulturele agtergrond en hul lewensblik kan dien; daarom bied die skemas 'n groot teenstelling met die heersende praktyke waarin die najaging van blywende geesteswaardes doodgesmoor word deur die oordrewe wetenskaplike standpunt en die tydsverkwisting vir die verwesenliking van 'n nuttelose doelstelling.

2. <u>Die onopgeloste vraagstukke</u>.

Die skrywer het in die loop van hierdie navorsing soms die flikkering van 'n gesonde drang tot vernuwing bespeur..... meer dikwels, egter, 'n gebrek aan verbeeldingskrag en visie, wat nog as een van die grootste onopgeloste vraagstukke in verband met die rekonstruksie van ons middelbare onderwys gesien moet word. Wat Fife reeds in 1934 opgemerk het, is vandag nog waar in verband met ons onderwyspraktyke in Suid-Afrika:

> "New ideas seem to germinate and take root with exasperating slowness. An outworn methodology and threadbare dogmas continue to hold the center of the stage.....and the same old songs are sung in the tones of special propaganda and a priori conviction that long ago ceased to thrill the audience"[1].

Ten einde nuwe lewe te wek in die doodsbeendere wat oor ons arbeidsveld verstrooi lê, sal dit nodig wees om die resultate van 'n meer uitgebreide program van eksperimentele werk as wat

---

1. Vergelyk Coleman: "Experiments and Studies in Modern Language Teaching", 48.

vir die indiwiduele navorser moontlik is, wêreldkundig te maak. Waar die resultaat van 'n indiwiduele navorsing 'n nuwe rigting wil aanwys soos in die geval van hierdie werk, kan die saak hoogstens tot gesonde beginsels herlei word ter voorbereiding vir voortgesette, gekontroleerde eksperimentele werk op 'n nasionale grondslag, omdat die werk van die enkeling uiteraard ook te beperk bly om die verbeelding aan te gryp. Die grootskaalse agtjarige eksperiment in die Amerikaanse middelbare onderwys met die vrystelling van die Dertig Amerikaanse Versoekskole in 1933 en die belangrike invloed wat dit op die bevryding van die middelbare onderwys in daardie land gehad het[1], mag hier as 'n bewys dien van wat daar gedoen kan word as daar die nodige vergesigte en vertroue is. Waar daar in hierdie werk ook nog na verskeie onopgeloste vraagstukke verwys is soos dié wat reeds in paragraaf 1 (b) genoem is, asook die bepaling van die graad van vrugbare wisselwerking tussen die metodes van intensiewe en ekstensiewe lees by die vreemde-taalonderwys, 'n kwantitatiewe benadering van die graad van aktiewe taalbeheersing wat met voordeel ontwikkel kan word vir die bevordering van die begripsvermoë by die lees van 'n vreemde taal soos Duits, en vraagstukke van 'n meer metodologiese aard wat eintlik buite die bestek van hierdie verhandeling val maar tog ten nouste daarby aansluit, sien ons in hierdie verband nog 'n ruime arbeidsveld wat ook 'n groter uitbreiding van die magte en fasiliteite van 'n liggaam soos die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing sou kon regverdig om die ondersoek van dergelike vraagstukke op 'n grootskaalse eksperimentele grondslag te organiseer.

---

1. Sien "Inleiding en Probleem-omskrywing", 2 (a).